

Dinsdag 31 Januarie

Skrifgedeelte: Eksodus 34; Deuteronomium 16; Handeling 2:1-8

Fokusgedeelte: Eksodus 34:22; Deuteronomium 16:10

Pinkstergebeure en die Ou Testament

Eksodus 12 vertel dat God sy volk in sy oordeel oorgeslaan het. Pasga beteken: oorgeslaan.

Ons lees ook dat Israel vanaf die 15de tot die 21ste geen suurdeeg in hulle huise mog hê nie, om selfs in hulle kos hulle lewe nuut en rein met God te begin. Vir die sewe dae het hulle die fees van die ongesuurde brood gevier.

Die Paasfees was Vrydag (daarom vir ons Goeie Vrydag), Saterdag was dit hulle Sabbat. Sondag het die fees van die ongesuurde brode begin en het Israel daarmee saam ook die fees van die eersteling gevier. Die oestyd het begin met die gars wat eerste ryp was, waarvan hierdie ongesuurde brode gebak is. Op hierdie fees van die eersteling is die eerste garsgerwe aan God geoffer en het hulle die ongesuurde brood van die nuwe seisoen se gars gebak.

Daarna het 'n bedrywige tyd gevolg, waar die garsoes en daarna die koringoes ingesamel is. Ná sewe weke was die harde oestyd verby.

Presies sewe weke ná die fees van die eersteling, dus op die 50ste dag, is die daglange pinksterfees gevier. Dit was bekend as die fees van die weke, of dan pinkster. Pinkster kom van die Griekse woord vir 50. Vyftig dae ná paasfees. Dit was dus op 'n Sondag, want die 49ste dag was 'n sabbat.

God se volk vier fees, want God was vir hulle goed. Uit dankbaarheid vir die oes offer hulle die beste van die oes aan God: twee koringbrode – die kos van die welvarendes! Dis 'n pelgrimsfees by die tempel en 'n besondere ge-wyde byeenkoms wanneer Israel die Here as die Bron van reën en vrugbaarheid vereer het (Jer. 54:24).

Let op die duidelike verband tussen paasfees en pinkster; tot die naam, 50, is getel vanaf die paasfees, die verlossingsdagviering dat God hulle in sy oordeel oorgeslaan het. Let verder op dat die insameling van die oes op die opstandingsondag ná paasfees begin het en met pinkster afgesluit is.

In Johannes 12:24 lees ons dat Jesus soos 'n koringkorrel eers in die grond moet val en sterwe voordat die groot oes ingebring kon word. Met Paasfees, die begin van die oes, is Jesus gekruisig en begrawe, om 'n ryk oes vir sy Vader in te bring. Vyftig dae later, met Pinkster, word die Heilige Gees uitgestort, soos Hy belowe het. Die dissipels getuig met krag en omtrent 3 000 mense het op daardie dag gelowig geword – 'n ontsaglike groot oes!

Paasfees en Pinkster is in die Bybel gekoppel – dis die begin en einde van die oestyd. Daardeer leer God ons dat daar 'n intrinsiek noue verhouding tussen ons Here Jesus en die Heilige Gees is.

Sing: Psalm 34:1, 4

Dr. PK (Piet) Lourens (Emeritus)